KoningsKids

Huisgeloof

Lydensweek 2025

Palmsondag

Pluk ‘n mooi blaar uit die tuin, of vleg ‘n kruisie van palmblare en bêre dit in julle Bybel. Lees die verhaal van Jesus se intog in Jerusalem. (Matt. 21:1-11)

Maandag

Maak ‘n kruis uit papier, hout of karton. Sit dit iewers in die huis op waar julle dit elke dag van hierdie week kan sien. Vertel vir mekaar wat Jesus se kruis vir elkeen van julle beteken.

Dinsdag

Doen vandag iets gaaf of diensbaar vir iemand anders. Lees oor Jesus wat Sy dissipels se voete gewas het in die laaste week voor Sy kruisiging. (Johannes 13:1 - 17)

Woensdag

Maak ‘n pakkie olywe oop en proe daaraan. Lees dan hoe Jesus tussen die Olyfbome gebid het in die Tuin van Getsemane. (Matteus 26: 36 - 45)

Donderdag

Op die aand voor Jesus se kruisiging het hy saam met Sy dissipels geëet. Hou dus vanaand as ‘n gesin saam piekniek met paasbolletjies om te dink aan daardie aand. (Matteus 26:26-30)

Goeie Vrydag

Sit vanaand die ligte af en eet in kerslig. Onthou hoe donker dit vir Jesus se volgelinge moes voel op die dag wat Jesus gekruisig is. (Matteus 26: 36 - 46)

Stil Saterdag

Vandag doen ons niks spesiaal nie. Ons wag.
Ons leer om te wag op God se tyd, net soos die volgelinge van Jesus moes wag op Sy opstanding.

Paassondag

Die Here het waarlik opgestaan! Neem vandag blomme kerk toe, hou ‘n skattejag en vier fees! Jesus Christus het die dood oorwin! Nou kan ons vir ewig saam met hom lewe!